

SPORT

STOEI

Leerders van Laerskool Elarduspark neem al jare lank deel aan stoei. Stoei vind by verskeie stoeiklubs plaas aangesien die skool nie die geriewe het om dit aan te bied nie. TuksWrestling en Menlo Stoei klub is die twee klubs waar ons Lardies stoei. Oefentye en kompetisies word deur die stoeiklubs gereël en gehandhaaf. Elke klub het hulle eie kostes verbonde.

Twee Lardies het in 2021 weggestap as SA kampioene in hul gewigsafdeling. Ons sien uit om te sien wat die Lardies hierdie jaar kan doen.

DOEL VAN STOEI

Stoei verbeter die fisiese ontwikkeling van spiere, balans en krag asook kognitiewe vaardighede soos koördinasie, geheue en konsentrasie. Dit help ook baie vir leerders wat rugby speel.

HOEKOM AAN STOEI DEELNEEM?

Stoei kan deur seuns en meisies beoefen word. Stoeiers leer selfdisipline, self motivering, selfvertroue en verantwoordelikheid.

Ons Lardies kompeteer op 'n provinsiale en nasionale vlak, en kan self eendag op internasionale vlak deelneem.



**TOOT
TOOT!!**

